

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 6

21 Februarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

TOELATING 2021: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2021 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

BUITEMUURSE SPORT : MIGHTY KINGS
Ons het navrae gehad in verband met die bogenoemnde buitemuurse sport en wil graag bevestig dat Mighty Kings, en nie Future Kings nie, ons graad R-buitemuurse rugby behartig en ook help met ons graad 1- en 2-rugbyafrigting. Die persone wat Future Kings in die verlede by ons skool bedryf het, het afgestig en staan nou net bekend as Mighty Kings.

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOL
Ons wil alle ouers vriendelik versoek om u kinders betyds by die skool af te haal. Die skool kom tans om 14:15 uit en leerders wat nie aan aktiwiteite by die skool deelneem nie, moet so spoedig moontlik afgehaal word. Ons het tans ‘n probleem met kinders wat tussen die nasorgkinders is en dan elke keer gesoek moet word. Alle kinders wat nie betyds afgehaal word nie, moet vir hul eie veiligheid op die stoep by die graad 1-klasse wag. Die gedeelte is onder kameradekking en ons kan dan enige voorvalle na skool monitor, want daar is nie toesig vir die kinders nie. Indien u nie u kinders betyds kan afhaal nie, moedig ons u aan om u kind in te skryf by plekke wat nasorggeriewe het.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2020

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 29 Februarie 2020 betaal word sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle voor/op 31 Mei 2020 betaal word ‘n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE

Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 29 Februarie 2020**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorms móét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

Geen vrystellings wat in 2019 toegestaan is, word na 2020 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam en verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 24 Februarie :
Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
Krieket: 0/13B teen Priory **(w)**
Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**
Kuns graad 3: **14:00-15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**

Di – 25 Februarie :
Kindermusiek graad R: **13:00 – 13:30**
Krieket: 0/9 A + B teen Cotswold **(w)**
Krieket: 0/11B teen Priory **(w)**
Tennis: Senior A seuns teen Clarendon A **(w)**
Tennis: Senior B seuns teen Herbert Hurd B **(t)**
Tennis: Junior seuns teen Sunridge **(w)**
Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30**
Kuns graad 3: **14:00-15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**
Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15**
Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**

Wo – 26 Februarie :
Klerewinkel: **12:00 – 14:30**
Krieket: 0/13A teen Charlo **(w)**

Do – 27 Februarie :
TOETS – TEG. Graad 7
Krieket: 0/11A teen Charlo **(w)**
Tennis: 0/10 Dogters teen Collegiate B **(t)**

Vr – 28 Februarie :
TOETS – EBW Graad 7
TOETS – LV Graad 4 – 6
Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
Dance Kids ballet graad R: **09:45**
Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**
Atletiek : Metro Primary (Oval)
VCSV graad 5 & 6 kamp

Sa – 29 Februarie :
Atletiek : Metro Primary (Oval)
VCSV graad 5 & 6 kamp

So – 1 Maart :
VCSV graad 5 & 6 kamp

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 Februarie	0/9	Herbert Hurd	A-span: LNP teken 9,5 lopies aan en Herbert Hurd teken 6 lopies aan. LNP wen met 3,5 lopies B-span: LNP teken 16 lopies aan en Herbert Hurd teken 5 lopies aan. LNP wen met 11 lopies
19 Februarie	0/13A	Charlo	LNP kolf eerste en teken 63 lopies aan. Charlo wen die wedstryd met 7 paaltjies – LNP verloor dus met 3 paaltjies. Jayden Juta teken 22 lopies aan en neem 3 paaltjies
20 Februarie	0/11A	Charlo	LNP boul eerste. Charlo word almal uitgeboul vir 98 lopies. LNP is ingestuur om te kolf is tans 44 vir 7 paaltjies en kolf Donderdag verder. Speler van die wedstryd: Chano Fouché – hy het 'n driekuns behaal. Sy bouluitslae was 23 lopies vir 4 paaltjies!

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 Februarie	Junior A Seuns	Clarendon A	LNP wen met 10 spelle. James Watson en Rohan Maartens speel pragtig!
18 Februarie	Senior B	Summerwood B	LNP wen met 19 potte

PE OOS-BYEENKOMS : RESULTATE

NAAM VAN ATLEET	ITEM	OUDERDOM	PLEK
Megan van Wyk	70m Hekkies	0/10	NVT
Jano Janse van Vuuren	70m Hekkies Verspring	0/11	NVT 1ste
Minke van der Merwe	70m Hekkies Hoogspring Verspring	0/11	NVT 3de 2de
Kayla de Coning	75m Hekkies Verspring	0/13	NVT 2de
Amore Gerber	Gewigstoot	0/10	2de
Leonic Maree	Gewigstoot	0/11	3de
Reece van Loggenburg	Gewigstoot	0/11	2de
Lincoln Kunneke	Gewigstoot	0/11	1ste
Jaundre Gouws	Gewigstoot	0/12	2de
Marissa Klue	Gewigstoot	0/12	2de
Nico Barkhuizen	Gewigstoot	0/13	1ste

Al die bogenoemnde atlete het deurgedring na die Metro-byeenkoms wat 28 en 29 Februarie by die Westbourne Oval plaasvind en ons wil hulle alle sterkte toewens!

OP GHOLFSPAN

Hartlik geluk aan Enrico Meyer in graad 7D wat in die 0/13 OP Gholfspan opgeneem is en vanaf die 19de tot die 21ste Maart aan die "Katberg Challenge" teen Grens, Boland, Suid-Kaap en die Westelike Provinsie gaan kragte meet. Ons hou duimvas!

TALENT AFRICA

Simoné Swanepoel in graad 7W het op Saterdag, 15 Februarie aan Talent Africa aan solo en groep dans-items deelgeneem. Vir haar solo dans het sy goud behaal en gekwalifiseer om aan die nasionale kompetisie wat in April vanjaar te Port Elizabeth plaasvind, deel te neem.

Haar groep danse het die onderstaande resultate behaal en ook deurgedring na die nasionale kompetisie:

- La Cartiers – Groep Dans Hip Hop : Goud (84%)
- Wasabi – Groep Dans Hip Hop : Goud (81%)
- 7 From Heaven – Groep Dans Hip Hop : Goud (80%)

Baie geluk en sterkte!